# NG Gemeente Montana: Kleingroepe 2025

Deur **Aanbidding** wat leef vanuit die erediens
en ons gebedslewe, groei ons

**2025.13**

---

1 Kronieke 29:14b; Levitikus 27:30; Romeine 12:1; 1 Korintiërs 9:7; Jakobus 1:17.

**My dankoffer is deel van my aanbiddingshandeling.**

Wanneer ons oor dankoffers praat, is daar een beginsel wat ons altyd moet onthou: al my geld en al my besittings is gawes uit die hand van die Here. Dawid getuig daarvan wanneer hy sê: "*Alles kom tog van U af en ons gee aan U wat ons van U gekry het*" (1 Kronieke 29:14b).

My dankoffer is nie net 'n handeling nie, maar 'n vorm van aanbidding waarin ek my lewe aan God toewy (Romeine 12:1). Dit is 'n reaksie op Sy genade, en 'n uitdrukking van dankbaarheid teenoor Hom as die bron van elke goeie gawe (Jakobus 1:17). Ek gee nie uit dwang nie, maar met 'n blymoedige hart, soos die Here dit van Sy kinders verwag (2 Korintiërs 9:7). Deur my offer erken ek Sy soewereiniteit oor my lewe en vertrou ek op Sy voorsiening.

In die Ou Testament word die dankoffer gereken as dat dit 'n tiende van alles moes wees: graan, kos, diere, enigiets wat as 'n opbrengs gereken kon word (Levitikus 27:30). Die gee van tiendes was 'n teken van die volk se dankbaarheid teenoor die Here.

Die Here het die volk gestraf indien hulle ongehoorsaam was met die gee van hul tiendes. In Maleagi 3 kondig die Here sy oordeel oor die volk aan, aangesien hul ongehoorsaam was en versuim het om tiendes vir Hom te gee. Die Here belowe egter seën indien die volk gehoorsaam en getrou is (Maleagi 3:10)

Jesus sê in Matteus 5:17 "*Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete ongeldig te maak nie. Ek het nie gekom om hulle ongeldig te maak nie, maar om hulle hulle volle betekenis te laat kry.*" Beteken dit dat tiendes steeds 'n opdrag vir die Nuwe Testamentiese kerk is? Ja, maar die omvang tussen die gee van tiendes en dankoffers verskil tot 'n mate. Die Ou Testamentiese beginsel vereis dat 'n letterlike tiende aan die Here gegee moet word. Die Nuwe Testamentiese beginsel vra egter eerder die regte gesindheid waarmee 'n dankoffer gebring word. Of 'n persoon 'n tiende van sy inkomste vir die Here offer, en of 'n persoon slegs 'n vyfde offer, dit gaan oor ons gesindheid en dankbaarheid.

Wanneer Paulus oor gelowiges se bydraes praat, is sy taalgebruik buitengewoon. Hy vermy die alledaagse begrippe wat met "geld" vereenselwig word en verkies om die saak in teologiese begrippe te verduidelik en te motiveer. Sy doel daarmee is om die Korintiërs te laat opkyk van hulle beursies in hulle hande af, sodat hulle vir God kan raaksien (wat vir hulle iets oor hul beursies wil sê). Vir Paulus gaan dit nie oor die geld nie, dit gaan oor God.

- https://www.bybelkennis.co.za/paulus-oor-gelowiges-se-bydraes-dit-gaan-nie-oor-die-geld-nie-dit-gaan-oor-god/
- https://www.kruispad.net/so-het-die-gee-van-n-tiende-begin/

Dink bietjie:

- Bid jy ooit voor jy jou dankoffer gee?
- Ervaar jy vreugde as jy vir Here iets gee?
- Is jou dankoffer gekoppel aan jou verhouding met God?

*Vir die groepgesprek:*

1. Word daar genoeg oor die gee van dankoffers in die kerk gepraat? Of is dit ‘n taboe onderwerp?

2. Wat dink julle is die verskil tussen tiendes, vrywillige offers en dankoffers?

3. As my dankoffer deel van aanbidding is, is deursigtigheid en vertroue vir die bestuur daarvan, steeds nodig?

*Vanuit die teksgedeeltes:*

1. Wat beteken dit vir jou dat ’n dankoffer deel is van aanbidding?
   – Hoe verander dit jou houding wanneer jy gee?
   -- Moet ek steeds 10% van alles gee? (Levitikus 27:30)

2. Lees Romeine 12:1.
   – Wat beteken dit om jou liggaam as ’n “lewende en heilige offer” aan God te gee?
   – Hoe hou dit verband met materiële offers soos geld of tyd?

3. Lees 2 Korintiërs 9:7.
   – Hoekom dink jy plaas Paulus klem op die gesindheid waarmee ons gee?
   – Hoe kan ons leer om met blymoedigheid te gee, selfs wanneer dit opofferings verg?

4. Lees Jakobus 1:17 en 1 Kronieke 29:14b
   – Op watter maniere herinner hierdie vers ons daaraan dat God die bron van alles is?
   – Hoe beïnvloed hierdie besef jou bereidwilligheid om terug te gee aan Hom?

- Dink aan 'n tyd toe jy (julle) iets gegee het en dit jou (julle) geloof versterk het — deel jou (julle) ervaring.